Hoor en glo jy nog die minderheidsrapport?

Teks: Numeri 13: 26 - 33
Teksvers: Numeri 13: 30 & 33

1. Inleiding

As ’n mens so na ons tema vanoggend luister sal kan jy verskoon word om te dink dat ons dalk in ’n kerklike vergadering sit. In die alledaagse lewe verwys ons gewoonlik nie na ’n verslag as ’n rapport nie. Maar die middel van so ’n belangrike vergadering is juis die konteks van ons teksgedeelte vandag. Want in Numeri 13 vanaf vers 26 tot 33 is ons eintlik juis midde die volksvergadering wat die rapporte of verslae van die verspieders moet aanhoor. Die verspieders wat Moses in die begin van die hoofstuk uitstuur om Kanaän, die beloofde land te gaan verken.

En dit is dan juis in hierdie verslaggewing wat ons met hierdie meerderheids- en minderhiesrapport beginsel kennis maak. Kom ons verduidelik die meerderheids- en minderheidsbeginsel soos ons dit ook in Gereformeerde Kerkreg gebruik. Wanneer ’n groep mense of ’n kommissie afgevaardig word om ’n saak in diepte te, te ondersoek mag dit gebeur dat daar nie volkome eenstemmigheid oor die aanbeveling van die Kommissie is nie. Dan word verslag gewoonlik aangebied in so ’n minderheids- en meerderheidrapport. Met ander woorde ’n groot groep in die kommissie het een siening en ’n kleingroep ’n ander, gewoonlike kontrasterende siening. Beide rapporte word voorgelê aan die vergadering om te besluit.

Wat die saak in ons teksgedeelte so belangrik maak is dit die toekoms van die volk raak. Daarom is dit nie ’n ligtelike saak nie. Maar dit is juis dit wat dit ook so aktueel vir ons vanoggend maak. Ons staan aan die begin van ’n stukkie toekoms vir ons elkeen. Ek praat natuurlik van die jaar 2020. Maar wat sê die Meerderheids- en minderhiesrapport oor 2020? En wat doen ek en u met hierdie rapport vandag en die res van die jaar?

2. Die meerderheidsrapport

Eerstens kyk ons na die meerderheidrapport. In kort word dit vir ons saamgevat in ons teksvers, vers 33 van ons teksgedeelte. Daar staan: "[31]Maar die manne wat saam met hom gegaan het, het gesê: “Nee, ons kan nie teen daardie mense optrek nie, want hulle is sterker as ons.” Maar kom ons beweeg eers ’n paar treë terug. In hierdie tipe verslae is daar darem gewoonlik nie net uitsluitlik kontraste en verskille nie. Daar is gewoonlik ten minste iets waaroor saam gestem word. ’n Mens kan dit ook sien as ’n empiriese waarneembare waarheid. Dit is ook so in hierdie situasie.

Ons fokus veral op twee dinge waaroor die rapporte dieselfde sê. Eerstens dat die land goed en vrugbaar is. Ons sien al in vers 26 vrugte en die beskrywing in vers 27 van ’n land wat oorloop van melk en heuning. Dat hierdie land ’n goeie bestemming is, daaroor is die verslag skynbaar dit eens. Maar dan is daar die tweede ding wat die mense waargeneem het. Hierdie land is nie ’n onbewoonde, ongerepte stukkie natuur iewers nie. Nee, daar is mense en stede. En hierdie mense is groot en sterk, daar word selfs na hulle verwys as reuse in die laaste vers. En die stede, die stede wat hier gebou is, is groot en versterk.

Dit bring dan die verspieders tot hulle gevolgtrekking in vers 33. Alhoewel die land baie aangenaam lyk om in te woon, is dit net nie die moeite werd nie. Die inname sal eenvoudig net te gevaarlik wees. Selfmoord sal party mense sê. Want hierdie mense is net soveel sterker as hulle. Nee wat al is dit ook hoe sleg hulle sal maar hier in die woestyn moet bly. Want dan kan hulle minstens bly lewe. Maar is daar lewe in die woestyn of is Johannes 12:25 alreeds waar in hierdie konteks: "[25]Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe."

3. Die minderheidsrapport

Maar dan was daar natuurlik ook ’n minderheidsrapport. Die ander gedeelte van ons teksvers: "[30]Kaleb het egter die manne wat met Moses praat, stilgemaak en gesê: “Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kán dit doen.” Party keer staan ’n mens verstom as twee mense na presies dieselfde saak kyk maar tot uiterste verskillende gevolgtrekkings kom. Kom ons kyk wat die rede is vir hierdie uiteenlopende reaksie op dieselfde saak.

Soos ons reeds gesê het is daar dieselfde dinge. Daar is die waarneming dat die land vrugbaar is, maar ook die waarneming van die groot en sterk mense. Kaleb was immers juis een van die verspieders. Dus het hy met sy eie oë ook gesien wat die ander verspieders gesien het. En natuurlik was Kaleb en sy volksgenote ook soos sprinkane voor die mense van Kanaän. Maar die verskil is dat Kaleb natuurlik ook iets anders raaksien wat hom tot sy gevolgtrekking bring.

Vir Kaleb is hierdie Enakiete nie grootste wesens wat bestaan nie. Nee soos ’n jong dawid later voor die afstammeling van Enakiete, Golait ook besef het. Daar is iemand groter, die Here God almagtig wat die volk veilig uit Egipte verlos het en ook tot hier gebring het. En dit is immers juis die Here self wat hierdie land aan die volk beloof het. Daarom moet hulle optrek en die land in besit gaan neem. Want wie is in staat om voor die Here die almatige staande te bly? Kaleb besef wat in Deut. 11:25 geopenbaar word. " [25]Niemand sal teen julle kan bly staan nie. Soos die Here beloof het, sal Hy orals waar julle gaan, ’n skrik en angs vir julle oor die land laat kom.”

Ongelukkig is dit deur die eeue tot vandag toe nog dieselfde met die minderheidsrapport. Soos Matteus 7:14 sê: ”[14]Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min.”

4. Wat is die rapport vandag

Ongelukkig is daar steeds vandag ‘n meerderheidsrapport. En ons ken hom ook goed, veral as ons hier aan die begin van 2020 staan. Want partykeer lyk dit of ‘n mens selfs bietjie waansinnig moet wees om positief na 2020 te kyk. Die ekonomie lyk maar beroerd, soos ons duidelik sien in die uitvlug uit ons dorp en op die ou einde die land. Daarby neem misdaad en oneerlikheid daagliks toe. En dit lyk of die enigste plek waar ’n eerlike hardwerkende persoon in hierdie land welkom is, is die ontvanger van inkomste. Soos voel ons ook maar soos sprinkane in ons eie land.

Maar dan is daar steeds ook die minderheidsrapport. Wat vandag soos deur die eeue helder weerklink daardie rapport. Daardie ons is in staat om dit te doen. Nie omdat ons so sterk is nie. Nee, ons is maar steeds net sprinkane. Maar daar is iemand groter wat die reuse kom verslaan het. Ons Here Jesus Christus, die Verlosser. Wat ons met Sy volmaakte offer aan die kruis kom red het uit die ewige dood. Sal Hy ons dan nie ook seën met nie alles anders wat ons nodig het nie.

Hy het ons reeds uit die Egipte van die ewige dood verlos en sal ons uiteindelik by die beloofde land van die Hemel uitbring. Daarom kan ons vandag wanneer die Heilige Gees hierdie minderheidsrapport laat lewe in ons, opgewonde wees. Ja ten spyte van alles wat rondom ons fout is. Ja ten spyte van teleurstelling, pyn en hartseer wat nog vir ons voorlê in 2020. Ten spyte van dit alles weet ons dat die Here dit alles ten goede sal laat uitwerk vir die wat Hy liefhet. En daarom dan die vraag vanoggend Hoor en glo jy nog die minderheidsrapport, ook in 2020 wat voorlê.

Kom ons stap die pad saam met hierdie minderheidsrapport in die hand in 2020 in. Kom ons gaan verkondig die minderheidsrapport van genade aan ’n wêreld wat dit nodig het.

5. Slot

Ons het vandag se preek op ’n baie tegniese manier begin en gaan dit ook so afsluit. Wanneer ’n meerderheids- en minderheidsrapport aan ’n vergadering voorgelê word, moet daar gewoonlik ’n besluit gemaak word na een van die tweekante. In die kerkreg gaan dit nie oor demokrasie nie, maar oor die gehoorsaamheid aan God se Woord oor ’n saak. Daarom word daar van almal

verwag om met die besluit te konformeer op die einde. Tog bestaan daar natuurlik steeds die reg tot beswaar of appel teen ’n besluit soos u dit ook goed ken.

Ons weet in ons teksgedeelte is die meerderheidsrapport uiteindelik aanvaar en die mense konformeer daarmee. Dit is egter nie die wil van die Here nie en hierdie meerderheid mense sien op die einde nooit die beloofde land nie. Hulle sterf uit in die woestyn. Maar Kaleb sien wel op die einde die beloofde land.

Dit is ten slot van sake waar elkeen van ons ook vanoggend staan. Ons staan voor 2020. Maar waarmee gaan ons konformeer. Die meerderheidsrapport wat net die ergste verwag en maar bloot die asem ophou dat dit ook so gebeur. Of met die minderheidsrapport wat weet die Verlosser leef. Wat weet uiteindelik ten spyte van alles is ons steeds veilig in die hande van die Here. Wat weet dat die Here in staat is om ons van die ewige dood te red. Daarom is Hy meer as in staat om ons ook te versorg en te dra deur 2020. In die woorde van ons teksvers: Ons moet beslis optrek en 2020 in besit neem, want ons kan dit doen.

Amen